

Gee jou emmerskoplys woema

Droom jy daarvan om nog die Camino de Santiago in Spanje te gaan stap? Of vir die kleinkinders in Nederland te gaan kuier? Dalk 'n tandem-valskermsprong? Of 'n wynwaarderingskursus? Moenie net daarvan droom nie – maak dit 'n werklikheid deur daarvoor te beplan.

DEUR KARIN BURGER

Ons almal droom so in die stilligheid van 'n emmerskop-lys (*bucket list*) – al daardie avonture en doelwitte wat jy wil afmerk voordat jy jou laaste asem uitblaas.

“Watwou 'n emmerskoplys,” sê Kim Potgieter, Direkteur en Hoof: Lewensbeplanning by Chartered Wealth Solutions en een van Suid-Afrika se voorste kenners wat holistiese finansiële beplanning in die aftreesektor betref. “Kry sommer vir jou 'n emmerskopwiel (*bucket wheel*)!”

DIE WIEL DRAAI ...

Die belangrikheid van beplanning voor en tydens aftrede kan nie genoeg beklemtoon word nie, hetsy vir jou finansies of hoe jy jou tyd gaan deurbring.

Kim beskryf 'n emmerskopwiel as 'n soort balanswiel met idees en drome van al die dinge wat jy in hierdie volgende fase van jou lewe wil doen en bereik.

“Dié wiel is belangrik omdat dit nie net op doelwitte van genot en avonture fokus nie, soos meestal die geval

met 'n emmerskoplys. Daar word ook gezyk na finansies, verhoudings, werk, gesondheid, lewensdoel en bederfies – en dit alles in verhouding tot mekaar.”

Daar kan selfs nou sekere dinge wees wat nie meer so belangrik blyk te wees nie, so skrap dit en maak plek vir nuwe idees wat jy graag tot uitvoering wil bring.

Sodra jy klaar is met hierdie “pizza-wiel” met al die verskillende snye, voeg jy 'n waarde of persentasie by elk van jou doelwitte. Só kan jy bepaal hoe belangrik elke afdeling is en ook uiteindelik of jy dit kan bekostig. “Daar moet altyd 'n balans wees sodat jy weet hoeveel en waaraan jy jou geld wil bestee.”


As jy weet hoe jy graag wil hê jou lewe moet lyk en watter drome jy nog wil bewaarheid, spesifiek rondom die tyd van aftrede, kan jy jou geld só bestuur dat dit by daardie visie uitkom.

Natuurlik is daar geen waarborge nie, maar dit help ook nie jy word onverhoeds betrap omdat jy nie beplan het nie. ▶

‘Ons almal droom so in die stilligheid van 'n emmerskoplys.’



‘n Emmerskopwiel is ’n soort balanswiel met idees en drome. 🍷



MOENIE GELD IN ISOLASIE SIEN NIE

“Ek kry daagliks te doen met mense wat diep teleurgesteld is oor hoe hul aftrede daar uitsien. Hulle het mooi na hul geld gekyk en het meer as genoeg om gemaklik te kan aftree, maar hulle voel heeltemal afgesny van hul geld – en van hul lewe. Hulle het nooit oorweeg hoe hul lewe in aftrede gaan wees en wat hulle met al hul tyd gaan doen nie.”

Kim sê geld kan nie in isolasie gesien word nie – dis soveel meer as net ’n geldeenheid. “Dit kan jou persoonlike sukses of eiewaarde bepaal. Dit kan sekuriteit simboliseer en bepaal hoe jy leef en waar jy woon. Geld kan gesien word as iets wat in die pad van jou vryheid staan, of iets wat jou kan help om jou lewensdoel te bereik.”

VOLSTRUIS-SINDROOM

Kim sê die belangrikste advies wanneer jy aftrede nader, is om ’n plan te hê. “Moenie jou kop in die sand druk wat finansies betref nie. Jy moet presies weet waar jy met jou beskikbare fondse staan.”

Dis ook belangrik om ingeligte eerder as emosionele besluite te neem. “Jy moet weet hoeveel jy het en hoeveel jy nog nodig het. Dan kan jy planne begin maak om dit aan te vul ... werk langer, belê doeltreffender en bestee minder, as jy kan.”

Vir diegene wat gelukkig genoeg is om genoeg te hê, is dit belangrik om dit te wêet en om te lééf, nie net om te wéés nie.

“So baie mense leef in vrees dat hul geld gaan opraak dat hulle nooit voluit leef nie. Jy wil ’n opbrengs uit die lewe én jou beleggings kry,” verduidelik Kim.

Om Kim se e-boeke af te laai, besoek <https://kimpotgieter.co.za/ebooks/>



– Kim Potgieter, Direkteur en Hoof: Lewensbeplanning by Chartered Wealth Solutions.

Koes vir die dwarsklappe

Die lewe kan egter enige dag ’n dwarsklap na jou kant toe uitdeel, soos nou weer met die Covid-19-pandemie wat van mense se persoonlike finansies tot ekonomieë wêreldwyd geraak het. Kim deel ’n paar wenke oor hoe om jou geld virusbestand te maak en jou finansiële plan tydens ’n pandemie te bestuur.

1 Beplan jou aftrede soos ’n legkaart

Jy moet so baie stukkie oorweeg en kan niks weglaat nie. “Ek sien té dikwels hoe die een stukkie wat mense miskyk, geld is. Mense beplan vir al die ander dinge, maar as ek hulle oor finansies vra, is geen beplanning gedoen nie.”

Jy moet jou geld én jou lewe beplan, sê Kim. “Jy het immers geld nodig om te kan leef.” Sy sê die siening van aftrede het ook verander. “My definisie van aftrede is die tyd in jou lewe wanneer jy nog meer van jou drome vervolmaak, in jou eie tyd en op jou eie manier.”

Maar jy moet weet wat daardie onvervulde drome is en dan moet jy beplan hoe jy dit moontlik gaan maak.

2 Jy is jou grootste bate

So dikwels dink ons geld is ons enigste bate, maar Kim verskil van daardie siening en glo elke individu self is sy of haar grootste bate. “Een voordeel van meer tyd by die huis deurbring, is dat elkeen van ons meer tyd het om oor dinge te dink. Ons bevraagteken die lewe en dink aan alles wat ons nog wil doen en verander.”

Sy raai mense egter aan om ook hierdie tyd te gebruik om te besin oor wat jou “geskenk” of talent is wat jy na die wêreld bring.

Sy sê mense is dikwels bang om hul talente te deel, want hulle is bang vir verwerping. Daarom bly daardie talente ’n geheim.

“Kyk na sosiale media, kyk na tegnologie ... mense bemark hulself elke dag. As jy nie daarbuite is nie, weet niemand van jou nie. Dis nie

nou die tyd om jousef as minder waardevol te ag nie.”

Volgens Kim is soveel ouer mense geneig om aan te bied om werk verniet te doen. “Hulle glo hulle is nie goed genoeg nie of verdien nie om vergoeding te vra nie. Die oomblik as jy dit van jousef begin dink, gaan die wêreld ook so dink.”

3 Herevalueer wat geld vir jou beteken

Dink goed en diep oor jou verhouding met geld. Vra moeilike vrae soos: “Wat beteken geld vir my?”, “Waar kom my eerste herinnering aan geld vandaan, en wat is dit?” en “Is hierdie ’n goeie of slegte herinnering?”

Moenie bang wees om nog dieper in jou onderbewussyn te delf nie. Dikwels het ons ’n herinnering in ons kop soos ons dit graag wil hê en omdat ons so baie daaraan dink, raak dit later ons werklikheid.

Kim sê dis ’n algemene verskynsel dat mense hul geld in die “verkeerde” dinge belê. “Ons is op ’n hamsterwiel en jaag na meer en meer geld, want ons glo ’n groter kar en luukse huis gaan ons meer gelief, waardevoller en gelukkiger laat voel.”

Geld moet jou dienskneg wees, nie jou meester nie. “Geld is nie veronderstel om jou te beheer nie, intendeel, dit moet vir jou werk deur jou drome te help verwesenlik.”

4 Wees eerlik oor jou noodsaaklike maandelikse uitgawes

Veral tydens aftrede is dit noodsaaklik om te weet presies hoeveel jy nodig het en hoeveel

jy uitgee. “Ek noem dit ’n spandeerplan, nie ’n begroting nie. As jy X nodig het en jy spandeer dubbel soveel, is al die beplanning ’n mors van tyd.”

Wees eerlik met jousef oor wat noodsaaklikhede is, en watter luukses jy kan uitsny. “Moenie ’n spandeerplan of begroting as vloekwoorde sien nie – dit help jou bepaal presies waar jy met jou geldsake staan,” verduidelik Kim.

5 Gebruik hierdie tyd om jou finansies in orde te kry

Ons is geneig om weg te skram van gesprekke oor geldsake as dit by familie kom. Moenie jou finansies ’n geheim hou vir jou geliefdes nie. Lig hulle in waar jy staan sodat hulle deel van die proses kan wees.

Kim beklemtoon die belangrikheid van ’n nalatenskaplêer. “Dis waar al die belangrikste dokumente bewaar word – van jou testament tot die wagwoorde van jou sosiale media. Dis ook belangrik dat jou geliefdes weet of jy ’n lewende testament het waarin jy wense uitspreek indien jy dalk medies ongeskik sou raak om besluite te neem, en of jy ’n orgaanskenker is.”

MOENIE UITSTEL NIE

Terwyl jy besig is om jou emmerskopwiel op te stel, onthou: Daar’s geen tyd soos nou om jou drome te bewaarheid nie.